Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM
MANS-, SPORT- EN KINDERUITRUSTERS

die WAPAD
Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

Uniewinkels
die moderne
MANS- EN SPORT-UITRUSTERS

JAARGANG XXIII | WOENSDAG 7 AUGUSTUS 1968 | No. 15

# VIRUS VERGADER WEER BINNEKORT

**Volgens die Wapad van 19 Junie het daar in die eerste semester 'n nuwe „dinamiese instansie" op die kampus tot stand gekom met 'n oogmerk om studente die geleentheid te gee om hul menings oor aktuele aangeleenthede te lug. Die naam daarvan is VIRUS.**

Die aand van 20 Junie het die eerste openbare vergadering van VIRUS gesien, en dit was 'n klinkende sukses, veral as in aanmerking geneem word dat 'n groter gehoor die vergadering bygewoon het as die monster-vergadering waarop die A.S.B. bespreek is. 'n Warm bespreking oor die aktualiteitsdenke van die studente is uitgelok deur die Administratief (bestuur) toe hulle die onderwerp ingelei het deur dit uit drie oogpunte te vertolk.

**UITSLAG**

By die einde van die vergadering het die volgende by wyse van stemming geblyk:

59 persent van die vergadering het gemeen dat studente genoegsaam oor aktuele aangeleenthede dink, maar omdat daar 'n gebrek was aan 'n platform soos VIRUS, is hul menings nooit gelug nie;

1 persent van die vergadering het gevoel dat studente nie aktueel dink nie, omdat hulle dink hul leiers is goed genoeg;

14 persent het gemeen dat studente nie aktueel dink nie, omdat hulle onkundig is en omdat „dit aktueel is om nie te dink nie";

26 persent het gevoel dat studente wel aktueel dink, maar dat hulle bang is om hul menings te lug vanweë hul omstandighede.

**JAAR 2000**

Die volgende VIRUS-vergadering word om 7.30 nm. in kameer 100 van die Frans du Toit-gebou op Donderdagaand, 8 Augustus gehou. Die onderwerp is „Die jaar 2000: Afrikaans- en Engelssprekend een Volk?" en Prof. P. D. van der Walt sal die vergadering kortliks toespreek oor die rigting waarin die Afrikaanse letterkunde beweeg en die invloed daarvan. Hierdie vergadering kan bygewoon word deur enige student en dit behoort veel interessanter bespreking uit te lok as die vorige interessante vergadering, omdat die onderwerp hierdie keer meer aktueel is as die vorige.



**Soos verlede jaar het Alabama vanjaar weer hulle gehore in beroering gehad met hulle opvoering, vanjaar van Revue 68. Op die foto verskyn 'n paar van die mense wat geen geringe aandeel gehad het in die sukses van die groep nie: die orkes. Foto: Fotokuns.**

# BRUG OOR SPOOR KOM NIE GOU

## Planne nog net tentatief sê Stadsraad

**Wat die Stadsraad van Potchefstroom betref, is alle planne vir 'n oorbrug in Meyerstraat tentatief. So het mnr. J. H. du Plessis, assistent-stadsklerk van Potchefstroom, gesê toe hy deur Die Wapad genader is oor die beplanning van 'n oorbrug.**

Mnr. Du Plessis het gesê dat heelwat probleme verbonde is aan die oprigting van so 'n brug, soos die onteiening van grond. Die feit dat die hek van die militêre kamp in Meyerstraat gesluit is, maak 'n brug van minder belang.

Mnr. Du Plessis is een van die persone wat deur Die Wapad genader is nadat 'n steekproef aangetoon het dat studente in die drie koshuise ten weste van die spoorlyn erg besorg voel oor die huidige toestand by die oorgang.

**VOORKEUR**

Mnr. J .H. Conradie, Afdelingsbestuurder van die Spoorweë in Wes-Transvaal, het in 'n telefoniese onderhoud met Die Wapad gesê dat die Meyerstraatoorgang reeds gereël is. Volgens hom is R18,000 reeds aan tegniese uitgawes bestee. Vroeg in 1967 het die Stadsraad egter versoek dat voorkeur gegee sal word aan die oorgang in Wolmaransstraat.

**NA DIE DAM**

(Op 'n vraag van die verslaggewer van Die Wapad het die assistent-stadsklerk toegegee dat die brug in Tomstraat op pad na die dam nie van soveel belang was as die Meyerstraatoorgang nie, maar dat dit gebou is omdat dit baie min probeleme opgelewer het.)

**BEVEILIGING**

Mnr. C .H. J. Schutte, Registrateur (Finans), het aan Die Wapad gesê dat die universiteit aandag gee aan die beveiliging van die huidige oorgang. Vertoë is reeds aan die Spoorweë in die verband gerig. Aandag word ook gegee aan die oprigting van 'n moontlike voetbrug of duikweg tussen die kampus en die koshuise wes van die spoorlyn.

## Thalia voer plaaslik op

Die Thalia Toneelvereniging nooi een en almal baie vriendelik uit na die toneelopvoering: Die man met die lyk om sy nek.

Die stuk is geskryf deur Bartho Smit en die regie is waargeneem deur Elize Scheepers.

**9 AUGUSTUS**

Die opvoering vind plaas op 9 Augustus om 8 nm. in die Totiussaal. Plekbespreking kan by die Studenteraadskantoor gedoen word.

## Wêreldrekord om kampus met motor

Aan die einde van die eerte semester het Uitspan 'n rekord (wêreld) opgestel in motorstoot. Hulle het gekyk hoe ver hulle 'n padwaardige motor in vyftien minute kan stoot, om die Kampus.

**2.4 MYL**

Hulle afstand was 2.4 myl in die gegewe tyd. Spesiale reëls geld egter vir die manne of dames wat die rekord wil verbeter.

# KONYN OORLEEF GROOT OPERASIE

**Die tweede unieke operasie waarin 'n vloeimeter in 'n konyn geplant is om die hoër funksies van die hart te ondersoek, is op 23 Julie deur mejj. J. S. Green en A. Wentzel gedoen.**

Die eerste geslaagde operasie van die soort is op 5 Junie gedoen deur dieselfde twee dames.

**MISLUK**

Albei die konyne leef nog en is springlewendig. 'n Soortgelyke operasie is reeds vroeër in die jaar gedoen deur prof. Pretorius, maar dit het misluk.

Mej. Green is tans besig met haar doktorsverhandeling in fisiologie en mej. Wentzel met M.Sc. in fisiologie. Die twee dames is albei verbonde aan die Departement van Fisiologie.

Die suksesvolle operasies kan as 'n groot prestasie beskou word.

## Afskeid geneem van orreliste

Verlede kwartaal het die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord afskeid geneem van mev. Heinie de Wet wat 16 jaar orreliste daar was.

Sy is 'n oudleerling van wyle mnr. M. M. (Oom Fanie) van der Bent, wat die pionier van musiek in Potchefstroom was in die vroeë jare.

# Baanbrekers gaan vereer word deur Akademie

**Drie baanbrekers op akademiese en joernalistieke gebied word vereer op die vergadering van die Werkgemeenskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, wat op 20 Augustus om 7.30 nm. in die Frans du Toit-gebou gehou word.**

By hierdie geleentheid word die Akademie se erepenning oorhandig aan prof. A. P. Goossens vir sy bydrae tot die bevordering van Afrikaans op natuurwetenskaplike gebied. Op sy beurt sal mnr. J. J. Kruger, 'n afgetrede joernalis van Johannesburg, gehuldig word vir sy bydrae tot die bevordering van Afrikaans op die gebied van die joernalistiek. Mnr. Kruger sal ook 'n geleentheidsrede lewer oor moderne massakommunikasie.

Prof. J. A. van Eeden, hoof van die departement Dierkunde aan die Universiteit, sal by hierdie geleentheid ook die gelukwensing van die Akademie oordra aan prof. P. A. J. Ryke, hoof van die Universiteit se Instituut vir Dierkundige Navorsing, vir sy verowering van die Havenga-prys vir Biologie.

Vooraanstaande lede van die Potchefstroomse gemeenskap, stadsraadslede en die Werkgemeenskappe van Johannesburg en Sasolburg is na hierdie geleentheid uitgenooi.

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
GESKENKE
POTTEBAKKERY
JUWELE
KOPERWARE
TOMSTRAAT 88B & C
FOON 5943, 3377

Vir al u

APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE

Besoek:

TEKERS J. VAN DER W .T (EDMS.) BPK.

Kerkstraat 118, Telefoon 3237, POTCHEFSTROOM.

GROSVENOR MOTORS

Lombardst. 47. Kerkst. 69.
Telefoon 4351/2/3.
POTCHEFSTROOM.

GEMAGTIGDE FORDHANDELAARS

ANGLIA — CORTINA
CORSAIR — ZEPHYR
ZODIAC — FAIRLANE
en
GALAXIE
Asook:
VESPA
LAMBRETTA
en
BROMPONIES

TRUST TEEK

TRUST BANK-SENTRUM,
TEL. 7116.

* Geskenke
* Pottebakkery
* Fotografiese
* benodigdhede.

Ons vriendelikheid en diens is u waarborg.

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS.

KOM BESOEK:

MIAMI RESTAURANT

Kerkstraat 213,
Johan Dreyer-gebou.

SKOENREPARASIES
en
FIETSREPARASIES
VIR FLINKE DIENS
kom na:
HUIS EN TUIN
(Langs Volkskas).

die WAPAD

WOENSDAG 7 AUGUSTUS 1968

# Spooroorgang

Van al die spooroorgange waarmee Potchefstroom as gevolg van swak beplanning (of geen beplanning) mee opgeskeep sit is die een in Meyerstraat hier by die universiteit sekerlik nie die onbelangrikste of mins gebruikte een nie. Inteendeel. 'n Groot aantal voertuie maak elke dag daarvan gebruik.

Nog belangriker egter is die feit dat meer voetgangers hierdie oorgang gebruik as enige ander een in hierdie dorp. Sowat seshonderd studente steek daagliks die spoor oor op hul pad na en van die kampus en die dorp.

Daarby kom nog die feit dat die oorgang op die hooflyn tussen Johannesburg en De Aar lê en as sodanig heelwat meer treinverkeer dra as die Fochville-spoorlyn, wat die Stadsraad reeds genoop het om brûe te bou op die paaie na die dam en die inryteater.

Dat die Meyerstraatoorgang lewensgevaarlik is, is onnodig om te sê, veral gesien in die lig van die feit dat uitsig belemmer word deur die geboue op Cachet-stasie. en die feit dat dit twee lyne kruis. Die oorgang het reeds 'n lewe geëis en dit kan weer gebeur.

Die nodigheid van oorgange in VonWiellighstraat en op die pad na Carletonville sal niemand betwis nie, en dat voorkeur gegee word aan die Wolmaransstraatoorgang, is nodig. Ons glo egter dat ons heeltemal geregverdig is as ons by die Stadsraad en die Spoorweë daarop aandring dat dringende aandag gegee word aan wyses om die gevaar by die oorgang uit die we gte ruim (om nie eers te praat van die chaos wat heers wanneer goederetreine gereeld die oorgang versper nie). Flikkerligte of desnoods 'n hek sal in elk geval minder probleme oplewer as 'n oorbrug, of as finansies die probleem is, ook minder kos.

Ons bly glo dat 'n lewendige student beter is as 'n dooie student.

# VIRUS

Studente is bekend daarvoor dat hulle lief is om te redeneer. Ewe bekend is egter dat baie van hierdie redenasies tot gesels rondom die teekan of tot besprekings in die kamers beperk bly, en dat verenigings wat hulle ten doel stel om mense te laat debatteer, sukkel om belangstelling gaande te maak.

Daarom verbly dit 'n mens dat VIRUS, 'n instansie wat hom ten doel stel om studente die geleentheid te gee om onder behoorlike leiding aktuele sake te bespreek, reeds met sy eerste vergadering verlede kwartaal soveel aandag gaande gemaak het. Mag hierdie vereniging steeds vooruitgang beleef. Dit was baie nodig.

REDAKSIE

*Hoofredakteur*: Tom Larney.
*Nuusredaktrise*: Rika van Graan (Tel. 2069).
*Nuusverslaggeefsters*: Rika van der Walt, Elsabe Smuts, Ellen Botha, Winnie Venter.
*Sportredakteur*: Piet Coetzer (Tel. 2171).
*Sportverslaggewers*: Louis van Wijck, Danie Mostert.
*Kunsredaktrise*: Rinda van der Walt (Tel. 2069).
*Tegniesebestuurder*: Hans Grobler.
*Advertensiebestuurder*: Nic Lessing.
*Sirkulasiebestuurders*: Kobus du Plessis, Tinus Jacobsz.



Dit is die snit wat tel...
* Alba Broeke
* Mentone Pakke
* Monatic Hemde
* Battersby Hoede
* Gregory Sokkies

J. TOD SUTTIE

Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars
Posbus 219 — Tel. 3411
Kerkstraat 177
POTCHEFSTROOM

# In U Lig

Romeine 8: 31b: ,,As God vir ons is, wie kan teen ons wees?''

Die koerante is deesdae vol gerugte van oorloë, oorlog wat dreig om uit te breek, beraadslagings om oorloë te beëindig. En daarbenewens verkeer ons land in 'n koue oorlog teen terrorisme. Groot sametrekkings van terroriste is op ons gense en op die grense van ons buurstate.

Om elkeen se hart klem tog maar die vrees vir die verskrikking van oorlog.

Gedurende die tweede wêreldoorlog het ons gesien watter verwoesting oorloë kan saai, nie alleen aan verlies van besittings nie, maar ook van menselewens. En sou die wêreld weer in 'n oorlog ontbrand en die huidige wetenskaplike kennis oor kernwetenskap gebruik word, sou erger tonele as dié by Hirosjima hom afspeel.

Die verskrikking lê ons voor die deur.

Maar tog, uit die Woord van God verneem ons die boodskap van genade en beskerming.

,,As God vir ons is, wie kan teen ons wees?''

Dis 'n heerlike boodskap van troos en bemoediging. Vir elke gelowige beteken hierdie woorde rus en vrede, nie alleen wat die geestelike betekenis betref nie, maar ook in hierdie lewe. ,,Verdrukking of benoudheid, of vervolging of honger, of naaktheid, of gevaar, of swaard'' (vs. 35) hou vir ons geen vrees in nie, want in Christus is ons meer as oorwinnaars (vs. 37).

Maar in hierdie bemoedigingswoord rus ook die bevel, die opdrag.

God is vir ons — maar dan moet ons vir God wees.

Dan moet ons lewe toegespits wees om God te dien, nie net in woorde en gedagtes nie, maar ook in dade.

Op ons rus die dure plig om God in alle oorgegewenheid te dien, voordat ons aanspraak kan maak op die bemoediging.

Is ons vir God, of is ons vir die wêreld, vir Satan?

Verkies ons 'n oorgawe aan God om Sy beloftes deelagtig te word bo die oorgawe aan 'n luilekker lewe waarin *ons* genot die hoogste rol vervul?

Die wêreldmasjien is in hoogste versnelling om die een genot na die ander uit te stal en met fyn berekening word dit aan ons dag en nag vertoon.

En ons verlustig ons daarin.

Ons is mos maar eenmaal jonk!

Maar aan die anderkant wil ons, wanneer die gevare dreig, en vrees ons hart omklem, God aanroep vir beskerming!

Dan is dit te laat, want God verhoor alleen die wat Hom aanroep, wat Hom dien.

As God vir ons is, wie kan teen ons wees? — 'n heerlike gedagte.

Maar dan moet ons vir God wees — 'n dure plig.

Is U vir God?

# - Deur My Lens -

**Verlange is die vertrek van treine. Augustusmaand. Die maand van winde en verlatenheid. 'n Maand van warrellende emosies. Die afskeid van die winter loop oor in Augustus: stuiptrekkende maand. En vind sy voltrekking en voltooiiing in die dood. Daarom word eensaamheid kaal bome.**

**KAMPUS**

**Ek loop op die kampus en kyk na waaiende blare. Ek sit in die kafeteria, drink tee en rook sigarette — ek kyk na laggende pratende mense. Ek sit met 'n singende stilte in my en praat terloops met iemand oor Viëtnam (bloeiende mense, klaende kinders). Ek staan op en loop tussen mense op die kampus; groet sydelings. Ek sit in die bib. en suig leë woorde in my warm brein in 'n land van sisteme en orde: duiselende kennis. Buite waai die wind — Sebelius en donker wouda. Ek sit by die Insleep drink 'n pepsi en verlang na Oktober — springende sonskyn.**

**Die meisie sit oorkant my en suig iets geel met 'n strooitjie. Haar hare is geel soos Meimaand. Die vol somer is in haar oë. Sy kyk na my soos 'n vrou. Ek vind dit alles baie amusant en gesels met haar oor flieks, sport en die nuutste modes. Sy probeer my betrek in nuwe wêrelde, maar dit bly alles ontstellend bekend, die realiteit van uur en feit; alledaagse cliches. Ek voel intens verveeld en loop met 'n ou gelatenheid verder. Haar „ciao" trap ek saam met 'n droë blaar dood.**

**AUGUSTUS**

**Augustusmaand lê lou in my lyf. Die wind waai en waai en waai. Die nag loop ek met my jas en soek in die sterre, maar die sterre gee geen boodskappe nie. En alles is stug, alles swyg en die nag vloei in my oë.**

**Ek stap terug met die nag 'n klompie narsings en deel van my; ek soek na my meisie in alle gesigte wat vlugtig verby my skiet; ek ontdek haar stukstuk; hier die vlasblonde hare, daar iets van die weerlose mond, nog verder die oë — maar dit bly onbevredig en die komplekse, eenvoudige kombinasie „jy" bly êrens skuilhou. Alles word treurig soos bloed: ek ratel alles wat verlore is uit op my tikmasjien wat vriendelike ronde letters tik. Maar dit los nie op nie. Woorde genees nie. En ek word ouer as 'n trein in die verte fluit.**

**REFLECTOR**

# SJAMPANJE-UITVOERING DEUR ALABAMA

**Revue 68 se sjampanjegehalte wou dat mens byna die hele dag daar sou sit om te luister, as dit sou kon. Die geleentheid vir 'n tweede opvoering is belowe, en mens hoop net dat daar dan meer toegifte sal wees na die verdiende applous.**

Om die gehalte daarvan te beoordeel, en die afgerondheid, benodig geen kenner nie. Die moeite wat gedoen is, die sorgvuldige beplanning en die vernuftige aanbieding moet enigeen opval. Dit alles is hoofsaaklik die talentvolle, ondernemende werk van die toerleier en regisseur: Johan van Rensburg. Maar daar is iets meer. Iets waarvan jy die oorsprong nie te oppervlakkig kan bepaal nie. Daardie spontane en sorgvrye manier van aanbied. Daardie heerlike studentefrisheid van jonkheid en „andersheid" en vermoëndheid. En daarby het gepas: die dekor, die beligting, die dames se mooimaak tabberdjies en die mans se oorspronklikheid. Die program is netjies in verskeidenheid saamgestel (effektiewe voorbladontwerp!) en die vriendelike plekaanwysings was 'n gawe inleiding tot die geheel.

**VERLOOP**

Die verloop van die tonele se afwisseling en opvolging met die musiek daarby het getuig van professionele smaak. Die choreografie was nooit lomp of onhandig oordoen nie — wat dit maklik kon wees!

Abri le Roux, Flip Buys en Christo Piek se luimige vermaak was goed. Hier was dit plek-plek bloot 'n variant op verlede jaar se pittighede — maar dit nie ten nadele van 'n goeie program nie. Die moderne ou wat deur Abri le Roux uitgebeeld is was tegnies goed. Die fyn spot, die onverhole satire, die bytende ironie — dit was goeie werk van Nesco du Hoit.

**PASLIK**

Soos reeds gesê, die programsamestelling was paslik. Dit sou byval vind van 'n eenvoudige plattelandse gehoor tot 'n gesofistikeerde stadsgehoor. Die uitvoering van die program — waarom dit eintlik gaan — was uitnemend goed. Duidelik die belegging van talent, aanvoeling en 'n wavrag oorspronklikheid.

Die orkes was volledig vir hierdie doel — hulle begeleiding en tussenspel altyd so om al die aandag op die koor te vestig. Mens sou darem net tussenin graag meer van Rudi van Eldik se dromme wou hoor!

**SPIEëLBAL**

Nog net dit: daardie draaiende spieëlbal het 'n fantastiese effek geskep om jou telkens, wanneer een van die ligstraaltjies oor jou oë blits, byna skokkend terug te ruk.

Voorwaar 'n aangename aand se ontspanning. Dit laat mens ongetwyfeld uitsien na die verkryging van die plaat: Revue 68.

NEELS SMIT

# WAAROM 'n SIRENE?




# UNIVERSITEITSKOLLEGE VAN RHODESIë WEERSPIEëL LAND SE PROBLEME

**Die Universiteitskollege van Rhodesië weerspieël nog in 'n sekere mate die probleme waarvoor Rhodesië as land te staan kom. Daar bestaan nog 'n affiliasie met Brittanje wat sy nawerking in die Kollege het. Tweedens is die Kollege, met sy veelrassige gemeenskap, 'n spieëlbeeld van wat in Rhodesië kan gebeur as daar op die weg van sosiale integrasie vol-hard word.**

Die Universiteits-Kollege is tans nog verbind aan die Universiteit van Loden en Cambridge. Alle grade en diplomas word nog deur lg. twee Universiteite toegeken. Rhodesië beskik hierin nog slegs oor adviserende bevoegdheid. Daar word gepoog om nader na selfstandigheid te beweeg. Hierdie gedagte is, volgens prof. Cumming, die prinsipaal, die normale en spontane begeerte van enige akademiese inrigting om selfstandig te wil wees. Dit is nie polities geïnspireerd nie.

**FINANSIEëL**

Die Kollege is finansieël volkome van die Rhodesiese Regering afhanklik. Rhodesië dra die Kollege ten volle, maar nie op subsidiegrondslag nie. Die Kollege lê 'n begroting aan die Rhodesiese Regering voor en ontvang dan daarvolgens 'n toekenning vir besteding volgens die raming.

Wat die akademie betref is die benadering suiwer volgens die Londenmodel. Vir 'n B.A.-graad word kursusse vereis van twee hoofvakke oor drie jaar en een byvak in die eerste jaar.

**GEWILD**

Die kombinasie van Engels en Geskiedenis, met Shone 1 as byvak, skyn onder die Bantoe-studente 'n redelik gewilde kursus te wees.

Die veelrassige studentegemeenskap is vir 'n Suid-Afrikaner 'n vreemde gesig. Omtrent twee-derdes van die totale aantal studente is nie-blankes. Hoewel daar 'n beleid van integrasie toegepas word, vind daar 'n spontane sosiale groepering van die verskillende rassegroepe plaas. Daar bestaan egter nie 'n antagonisme tussen die rassegroepe nie.

**AFKEER**

Die meer konserwatiewe Rhodesiese ouers verkies oor die algemeen om hulle kinders na die Suid-Afrikaanse Universiteite te stuur. Die hoofrede wat aangevoer word, is die afkeer in die sosiale integrasie wat in Rhodesië toegepas word.

# Oosterhof kry snoepwinkel . . .

Voorwaarts . . . ! Ja, van nou af is die lae kalorie-dieet in Oosterhof taboe. Versoeking in die vorm van allerlei snoeperye het sy verskyning gemaak.

**LEKKERBEK**

Hulle noem hom maar Lekkerbek, hulle soek nog 'n naam. Ja, 'n ele snoepwinkeltjie wat van nou af al die aandag van die dames sal geniet.

Die handelstye is tussen vyf en ses nm., die doel . . . ? Dis om die dames soet genoeg te maak vir sleeptyd. Gedurende koektye sal hy 'n welkome halfwegstasie word om die dames van die nodige brandstof en energie vir die aand se studies of buitemuurse aktiwiteite te voorsien.

**KOSHUISKAS**

Ook die koshuiskas wag met 'n kwylende mond dat die sente moet instroom.

Carol le Grange staan in beheer van die nuutgebore land van melk en heuning.

# . . . en Klawerhof bly nie agter nie

Al die dames in Klawerhof is baie opgewonde, want hulle hoef nie meer so ver te loop om lekkerynye in die hande te kry nie. Klawerhof se snoepwinkel het verlede week geopen.

**DIëTE**

Net jammer hulle verslankingsdiëte gaan daarondeer ly! Hettie Kruger en Neelsie Smit het die groot taak op hulle skouers geneem.

# Hongaarse dokter vertel

Wat die Tjeggies-Russiese krisis vir die Tjegge gaan oplewer is nog 'n ope vraag. Wat 'n soortgelyke krisis vir die Hongare opgelewer het is nie meer 'n geheim nie.

„Die Russiese oorname van 'n land het 'n ingrypende invloed op die lewe van elke individu in die land," volgens Dr. A. Finta, Hongaarse vlugteling en tans senior huisdokter in die Verre Oos Rand hospitaal op Springs.

Nadat Dr. Finta in 1936 in Budapest as geneesheer klaar gemaak het was hy vir 23 jaar arts in 'n Rooms Katolieke klooster. Na die Hongaars-Russiese oorlog moes hy, omdat hy nie by die kommunistiese party wou aansluit nie, met die status van 'n senior verpleër onder dokters baie jonger as hy, wat wel by die party aangesluit het, werk.

Na die 1954 rewolusie is hy ontslaan en moes lewe van werk wat die Kommuniste hom goedgunstiglik gegee het. Sy een seun is as lid van die versetbeweging tereggestel en 'n vriend, ook dokter in 'n kerkhospitaal en nie 'n versetstryder nie, is lewenslank tronk toe gestuur. Sy tweede seun het in Januarie 1965 uit Hongarye ontkom en hyself in Maart, omdat hy gevangeneming gevrees het en nie meer mense in Hongarye oorgehad het nie.

# Nederlander besoek Potchefstroom

Dr. en mev. W. van der Mast van Nederland het onlangs 'n besoek gebring aan Potchefstroom en die Universiteit, op hul toer deur Suid-Afrika. Dr. Van der Mast is hoofinspekteur-direkteur vir die arbeidsvoorsiening van die provinsie Groningen en hy besoek Suid-Afrika as deputaat van die sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland-Wêreld Diakonaat.

20th CENTURY FOX

7—10 AUGUSTUS:
A FISTFUL OF DOLLARS
CLINT EASTWOOD

12—17 AUGUSTUS:
THOROUGHLY MODERN MILLIE
JULIE ANDREWS

na aksie.. satisfaksie




vol-ja smaakvol

VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA VIR RIGGIO TOBACCO CORPORATION OF NEW YORK LIMITED



Nog lede van 'n P.U.-toergroep die afgelope vakansie — die Volkekundetoer na Rhodesië. Hier kyk 'n paar van die lede na een van die vele besienswaardighede. Tweede van links is prof. J. H. Coetzee, hoof van die departement Volkekunde.


Met komplimente van
AJAX
(Edms.) Bpk.
BOEKE — SKRYFBEHOEFTES

GISELA MAIWALD
Fotograaf en Fotografiese dienste.
TOMSTRAAT 100
POTCHEFSTROOM

LINDEQUE
Skoenreparasies
— Octron-gebou —
Twee depots op Bult:
BULT DROOGSKOONMAKERS
WESTVAAL DROOGSKOONMAKERS
Spesiale pryse vir studente.
Aflewering op die Kampus.

BOUQUET
BLOEMISTE,
STADSENTRUM,
Tel. 6575.


# Kamertoneel kom tot stand op P.U.

**„Uit nood gebore . . . ". So lui die aanhef van die eerste program van die Departement Spraakleer en Drama; vir hul eerste aanbieding in die P.U.-Kamertoneel.**

Die P.U.-Kamertoneel is die miniatuurteater van bg. Departement in sy eie lesinglokaalkompleks. En dit is letterlik uit die nood gebore.

Weens die beperkte geriewe moes daar plan gemaak word. Die mins moontlike, maar ook vir die ambisieuse, jong departement was en is dit nog 'n uitdaging.

### KAMERTONEEL

So kom die P.U.-Kamertoneel gedurende die Julievakansie tot stand. Dit is 'n intieme kleinteater, met sitruimte vir selgs vyftig persone, en met al die geriewe van 'n behoorlik toegeruste teater.

Volledige beligtings- en klankapparaat, afsonderlike kleedkamers, 'n prosceniumverhoog met coulisse, 'n voorgordyn . . kortom, alles wat moontlik is in 'n behoorlike teater verwag word.

### SELF

Die grootste bereiking is egter dat alles wat hiervoor gebruik is, deur lede van die departement self beplan en vervaardig is — selfs die sygordyne is kunstige verwerkings van materiaal uit vorige opvoerings.

Uiteindelik is daar dus nou voldoen aan 'n diepgevoelde behoefte . . . 'n eie lokaal op die kampus waar studente al die tegniese aspekte van 'n teater in die praktyk kan leer ken om so hul opleiding werklik volledig te maak; waarin professionele omstandighede gerepeteer en eksamens afgeneem kan word, en veral waarheen lede van die universiteit en die algemene publiek hulle gereeld kan wend vir woordkunsontspanning van hoogstaande gehalte.

### EKSKLUSIEF

Hierdie ontspanning sal des te meer eksklusief wees, omdat so min mense dit sal kan bywoon omrede die beperkte ruimte. Die gehoor sal vir elke aanbieding hul plekke vroegtydig moet bespreek.

Vir die doel is daar nou ook 'n permanente plekbesprekingstelsel vir die gerief van die studente en die publiek by die Departement ingestel.

Die eerste aanbieding is 'n reeks van drie verskillende woordkunsaande op 7, 8 en 9 Augustus, wat saamval met die praktiese eksaminering van die senior studente. Die doel is om die vordering van die eerste na die derde jaar en selfs daarna aan te toon.

Op die aand van 7 Augustus luister die gehoor na die leesvertolking van 'n eerstejaar, Philip Naude, die konsertvoordragprogram van Tippie Kriel, 'n tweedejaarstudent en na die eksamenvertolkingsprogramme van twee derdejaarstudente: Andries Swanepoel wat sy program „Konflik" noem, en Cecile Spamer, wat bekendheid verwerf het met haar buitengewone vertolking van die titelrol in Hedda Gabler. Sy bou haar program om die prikkelende tema, „Who's Afraid . . . ", en daarin sluit sy o.a. 'n monoloog in uit Edward Albee, se veelbesproke drama „Who is afraid of Virginia Woolf?"

### BEURS

Vanjaar se wenner van die A.T.K.B.-beurs vir vertolking, mej. Elbie Standring, sluit die aand af deur haar wenprogram te herhaal.

Die beurs word ook dieselfde aand aan mej. Standring oorhandig deur die hoofsekretaris van die A.T.K.B., mnr. D. J. C. Geldenhuys

Na die eerste drie feesaande word 'n weeklikse aanbieding beplan deur of studente of personeellede van die departement Spraakleer en Drama, of gaskunstenaars wat van tyd tot tyd aangekondig sal word.

### NAVRAE

Enige navrae in hierdie verband kan by die Departement gedoen word.

# SPRAAKLEER-STUDENT PRESTEER

**Mej. Elbie Standring het op Donderdag 20 Junie, die sonderlinge prestasie behaal om die eerste beurswenner van die A.T.K.B. vir vertolkingskuns te word. Die beurs van R200 is aan mej. Standring toegeken na 'n kompetisie, gehou te Pretoria, waaraan studente van Afrikaanse Universiteite, Kolleges en kunswedstryde oor die hele land deelneem. Die enigste bepaling was dat alleenlik studente wat voorheen al 'n goue medalje verower het, kon deelneem.**

Te midde van kwaai kompetisie en werk van hoogstaande gehalte is mej. Standring uit die finaliste, almal van die departement Spraakleer en Drama van die P.U. vir C.H.O., gekies as die uiteindelike wenner. Die ander twee finaliste was mejj. Mientjie Meyer en Lorraine Viljoen.

### ROLLE

Mej. Standring sal onthou word as Ismene in die Departement Spraakleer en Drama se aanbieding van Antigone (Anouilh), Emmie in Ons Dorp (Wilder) en veral as Maria in Moeder Hanna (Smit) en is tans verbonde aan die Departement Spraakleer en Drama waar sy verantwoordelik is vir die afdeling praktiese spel met eerstejaars in die kursus Drama- en Toneelkunde.

# *Salon gee geleenthede aan plaaslike kunstenaars*

Die doel van die Salon vir plaaslike amateurkunstenaars is om hul die geleentheid te bied om hul skeppingsdrama uit te leef op 'n arteristieke manier.

### ONDERLING

Dit is 'n geleentheid om hulle werke ook onderling te vergelyk.

Die Salon is 'n sprekende voorbeeld van die skoonheidsgevoel wat hier in die Wes-Transvaal gevind word 'n stygende lyn kan steeds opgemerk word en die hoogtepunt van vanjaar se uitstalling is die beeldhouwerk.

### INGELEI

Dit het professor G. Dekker voorsitter van die Potchefstroomse tak van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging aangetoon toe hy die Salon van plaaslike amateur kunstenaars in die Frans du Toitgebou ingelei het.

# NUWE LETTERKUNDIGE TYDSKRIF VERSKYN

**'n Nuwe Afrikaanse letterkundige tydskrif word op 30 Augustus 1968 deur 'n groep jong skrywers en letterkundiges van stapel gestuur wanneer die eerste uitgawe van die maandblad KOL in die belangrikste boekwinkels beskikbaar sal wees.**

Kol beloof om al in groot mate van die bestaande lettelkundige tydskrifte verskil en beloof om voortdurend 'n sensitiewe vinger op die pols van ons land se kultuurlewe te hou. Die blad sal hom nie blind staar teen, en beperk tot akademiese beskouings nie, maar uiteenlopende en selfsbotsende standpunte toelaat.

### ASPEKTE

Aspekte van die Afrikaanse denke, letterkunde, beeldende kunste, teater, radio, musiek, argitertuur en die filmbedryf sal onder die loep geneem word deur kenners op die onderskeie terreine.

Behalwe kommentaar sal Kol ook heelwat skeppende werk publiseer (in die eerste nommer o.a. poësie van N. P. van Wyk Louw) en wil veral sy lesers op hoogte hou met die jongste en nog ongepubliseerde werk van ons mees vooraanstaande skrywers.

### MEDEWERKING

Kol sal die medewerking geniet van belangrike skrywers soos Etienne Leroux, Hennie Aucamp, Breyten Breytenbach, N. P. van Wyk Louw, Andre P. Brink, Abraham H. de Vries, Anna Vorster, Richard Daneel en baie ander.

Die uitvoerende redaksie van Kol bestaan uit dr. Louis Eksteen van die Universiteit van Pretoria, dr. P. G du Plessis en John Miles van die Universiteit van die Witwatersrand, en ook die twee Sestiger-skrywers Bartho Smit en Chris Barnard wat in die redaksie van die omstrede Sestiger gedien het.

# S.A. KUNSTENAARS WYDSBEEN OOR OSEAAN

**„Ons kuns dra die kulturele eienskap wat neig tot die simbolisme, mistieke en somberheid. Die Suid-Afrikaanse kunstenaar staan nog met sy een voet in Europa en die ander in Suid-Afrika en as hy nog 'n derde gehad het, sou dit seker in Amerika gestaan het," het mnr. Albert Werth, kurator van die Kusmusieum in Pretoria, Vrydagaand met die opening van die plaaslike salon van amateurkunstenaars gesê.**

Hy het verder gesê dat die Suid-Afrikaanse kunstenaars nie agter staan by die Europese kunstenaars nie, en terselfdertyd gewaarsku dat daar nie 'n eie Suid-Afrikaanse nasionale kunsstyl afgedwing moet word nie, maar dat dit van self op natuurlike wyse moet groei.

Daar moet in die kuns net die waarheid van die blootlegging van die innerlike gesoek word en nie net in die uiterlike nie, het meneer Werth gesê.


INSLEEP!

WAARHEEN ALMAL SLEEP

Koshuisbestellings: 6039

# PUKKE KLOP SOLDATE OORTUIGEND

**Die P.U. se eerste span het verlede Woensdag vir 'n puik vertoning gesorg in hul wedstryd teen Weermag. Dit het werklik gelyk of die toer deur Rhodesië die manne baie goed gedoen het en die bal het beweeg soos dit alleen kan by 'n span wat mekaar werklik ken en verstaan.**

Toe die fluitjie die einde van die eerste helfte aankondig was die Pukke reeds met 21 teen 11 voor. Die sege het in die sewende minuut van die wedstryd begin toe die bal langs die hele agterlyn afbeweeg het en vleuel Ibert Joubert gaan druk het. Die Pukke was vol planne en nog 4 drieë word nog aangeteken voor die einde van die eerste helfte.

**34 — 17**

In die tweede helfte was die Drieë veel minder en kon die Pukke net twee keer agter die doellyn gaan kuier. Die eindtelling van die wedstryd was 34 punte teen 17 in die guns van die Pukke.

Die Pukke het almal oor die algemeen baie goed gespeel maar as daar een man is wat uitgesonder kan word in dit Andre de Bruin. Hy het weer eens sy slag in die lynstane bewys. Die P.U. het dan ook die lynst[illegible] [illegible]orheers en 18 van die 2[illegible] [illegible]ane die bal bemeester.

**BEWYS**

Hoewel Weermag nie een van die sterkste spanne in die liga is nie, het die Pukke bewys dat hulle goeie rugby kan speel as hulle die dag wil. Die Pukke is egter ook bekend vir hulle sporadiese spel en of hulle die goeie spel sal kan handhaaf is 'n ope vraag.



**Tussen Windhoek en Gobabis. Die Thalia-toergroep ontspan langs die pad op pad na nog 'n opvoering. Die foto is geneem die dag nadat by die groep se bus in Windhoek ingebreek is en goedere ter waarde van R500 gesteel is.**

**Foto: N. Buitendag.**

# HERINNERINGE AAN 'N TOER DEUR SUIDWES

**'n Toer deur Suidwes-Afrika sal altyd meer wees as enige [illegible]er deur die Republiek. Voeg daarby nou ook: tant Nonna du [illegible]isson as toermoeder van Thalia, 'n stuk met die gehalte van [illegible]ie man met 'n Lyk om sy Nek," en 'n gawe groep wat in [illegible]n span kan saamtrek — dan het jy al die nodige bestanddele [illegible]'n toer sonder weerga! Die bykomstighede is weliswaar ewe [illegible]langrik, bv. duisende sebras te sien by die Etoshapan, die [illegible]halte (en die formaat) van Suidwes se vleisbraaie, die gas[illegible]ryheid van die mense — (en die vragmotortjie wat op Wal[illegible]isbaai die dekor vervoer het!) So 'n toer word nie gou ver[illegible]eet nie.**

Daar was Windhoek: die stad [illegible]ssen bome en klippe. Verba[illegible]nd modern met al die mooiheid [illegible]n die moderniteit. Nuut en [illegible]nk tegelyk, ontwikkeling en [illegible]adisie — sonder dat die een [illegible]ur die ander ingesluk word.

**LUDERITZ**

Luderitz: 'n ou Duitse dorp [illegible]n eg romanties!). Wegkruip[illegible]raatjies wat teen die koppe uit[illegible]rlewel, ou, ou geboue opgesta[illegible]el teen die rante, die wye see [illegible]an die voorkant met die woes[illegible]yn teen die agterdeur. 'n Heer[illegible]ke gevoel byna van internasio[illegible]aal verkeer, sonder die drukte [illegible]at vandag noodwendig hiermee [illegible]epaard gaan — want die dorpie [illegible] daarvoor kosmopolities genoeg. [illegible]n alles is oud, baie oud son[illegible]er om muf te wees. Die som[illegible]taal: 'n glansende skema van [illegible] die woestynverf wat hier op [illegible]kolletjie tussen woestyn en see [illegible]p die klippe uitgespat is.

Okahandja was ook 'n hoogtepunt. Hulle noem dit die „tuindorp van die Noorde". Maar nou was dit winter. As al die blomme egter die geur sou hê van die mense se gasvryheid, dan sou mens graag in blomtyd weer daar wou gaan kuier. Dit sal 'n gesig wees!

Keetmanshoop is 'n vaal, stowwerige plek wat in die son lê. 'n Dorp van die Suide. En tog is dit 'n mooi dorp. Weer is dit seker die mense se gehalte wat die dorp se aanskyn waarborg.

**WOESTYN**

En van die woestyn moet mens ook iets sê as jy gevra word om oor Suidwes te skryf. Want die Namib is deel van die land, en hy is groot, soos die land self groot is, met daardie gelate onveranderlike „gesus deur die eeue se rus." Die land is 'n momentvan onverganklikheid. En die woestyn is sy fondament. Geheimvol, wagtend, wyd onbepaalbaar, met die wete van sy dodes wat hy geëis het deur die tyd, koggelend oor sy verborge rykdomme, maar altyd waardig, dodelik waardig. Mens sou eendag nog op 'n kameel deur die Namib wou ry.

Die mooiste van die toer was die onbevooroordeelde en opregte mensewaardering van die Suidwesters. Daarom was dit 'n goeie toer. Dit was 'n belegging wat nog omkoppel kan word as suiwer wins vir die Puk.

NEELS SMIT

# Arthur Bleksley tree uit

Prof. Arthur Bleksley, een van [illegible]e mees gewildste akademiese [illegible]gure in Suid-Afrika, lê aan die [illegible]nde van hierdie jaar die tuig [illegible]eer as professor in Toegepaste [illegible]iskunde aan die Universiteit [illegible]an die Witwatersrand. Hy is al [illegible] jaar vebonde aan die Univer[illegible]teit.

**GELUKKIG**

Prof. Bleksley het in 'n onder[illegible]oud aan die pers verklaar dat [illegible]y baie gelukkig was in sy [illegible]erk en dat die gedurige kom[illegible]unikasie met jongmense die [illegible]uderdom weghou.

Waardevolle geskrifte in ver[illegible]and met ontwikkelinge in die [illegible]uimte, die kanse vir 'n landing [illegible]p die maan en die aard van [illegible]ie lewe op ander planete, het [illegible]eur prof. Bleksley se pen die [illegible]g gesien.

**TOEKENNING**

Prof. Bleksley was die eerste [illegible]uid-Afrikaner om in 1964 'n [illegible]root toekenning vir Natuurkun[illegible]ige Navorsing te verwerf.

# Kunsvereniging nooi studente uit

Die Potchefstroomse tak van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging nooi studente, dosente en lede van die publiek hartlik uit om 'n bydra om die saal vir die uitstalling van plaaslike kunswerke 'n reuse sukses te maak.

Voltooide sowel as onvoltooide werke kan ingeskryf word vir die uitstalling. Dit is die ideale geleentheid vir elke plaaslike kunstenaar om die gehalte van sy werke te toets.

**KUNSWERKE**

Die kunswerke wat op die uitstalling gesien sal kan word is: skilderye, mosaïek, pottebakery, batik en beeldhouwerke van plaaslike amateur kunstenaars.

Die sluitingsdatum vir inskrywings is op 1 Augustus, 8.30 vm. in die Frans du Toitgebou by mej. S. Kriek in die navraekantoor. Dit sal egter baie waardeer word indien die kunswerke voor die tyd ingehandig kan word sodat dit beoordeel kan word.

**DOEL**

Die afgelope twee jaar is werke van baie hoë gehalte deur plaaslike kunstenaars hier uitgestal. Die uitsluitlike doel van die salon is om aan die plaaslike amateurkunstenaars die geleentheid te bied om van hul kunswerke aan de publiek te toon.


**S.A.S.** — **SAL SUID-AFRIKAANSE LUGDIENS**

Die Suid-Afrikaanse Spoorweë en die Suid-Afrikaanse Lugdiens bied die volgende aantreklike loopbane aan manlike gegradueerdes:

## ASSISTENT-INGENIEUR.

SALARISSKAAL:
R3,000 x 300 — R5,100 p.j.

| *Indien in besit van:* | *Aanvangsalaris.* |
|---|---|
| B.Sc. Ing. | [illegible]3,000 p.j. |
| B.Sc., B.Ing. of M.Sc.Ing. | [illegible]3,300 p.j. |
| M.Ing., Ph.D. of D.Sc. | R3,600 p.j. |

## LANDMETER.

SALARISSKAAL:
R2,850 x 150 — R3,000 x 300 — R5,400 p.j.

| *Indien in besit van:* | *Aanvangsalaris.* |
|---|---|
| Graad of Diploma in die Landmeetkunde en 'n Sertifikaat van Erkenning om in die Republiek van Suid-Afrika te praktiseer | R3,600 p.j. |

## KLERK, GRAAD II.

SALARISSKAAL:
R1,050 x 150 — R1,350 — R1,575 x 150 — R2,025 — R2,325 — R2,475 — R2,700 p.j.

| *Indien in besit van:* | *Aanvangsalaris.* |
|---|---|
| St. X-sertifikaat | R1,200 p.j. |
| Baccalaureusgraad wat 'n minimum studietydperk van drie jaar vereis | R2,025 p.j. |
| Honneursgraad (of 'n gesertifiseerde verklaring dat die teoreties deel van die magistergraad suksesvol voltooi is) of 'n baccalaureusgraad wat 'n minimum studietydperk van vier jaar vereis | R2,325 p.j. |
| Magistergraad | R2,475 p.j. |
| Doktorsgraad | R2,700 p.j. |

Nader besonderhede kan van die Hoofbestuurder, kamer 1219, Spoorweghoofkantoor, Johannesburg, verkry word.

## UITSPAN PRESTEER MET FIETSE

Spannend en uitputtend! Dit was die fietsresies. Oor die ongevalle word nie gepraat nie maar die jaers se knieë vertel die sprekende verhaal.

Naas die motorwedren wat gedurende die karnaval deur die A.O.B. gereël is, is dit nou die tweede aangeleentheid wat deur hulle gereël is om kompetisie tussen die verskillende koshuise aan te wakker.

**UITSPAN**

In die hoofwedren het Uitspan II, met die louere weg gestap, gevolg deur Thaba Jah in die tweede plek. Uitspan I moes met die derde plek tevrede wees.

In die wedren vir die dames het die Klawerhowwers die louere ingeoes en die stadige wedren is deur die manskoshuis Ons Huis gewen.

# Studente wil net jol, nie speel - SPORTDIREKTEUR

**Die sportmanne op die Puk se motivering is nie reg nie, het mnr. Piet Malan, direkteur van die Sportinstituut van die P.U. vir C.H.O., in 'n onderhoud met die Wapad verklaar.**

Hy sê dat die studente van enige soort spel 'n sosiale spel wil maak en daarom die spel nie reg benader nie. Die student moet uit beginsel iets oor hê vir sy Universiteit. 'n Spel waar die Universiteit se naam mee gemoeid is, is egter te ernstig om op sosiale vlak en sonder die regte motivering teenoor die spel en die Universiteit aan te pak.

Elke man of dame wat aan sport deelneem moet sorg dat hy of sy voldoende fiks is. 'n Ernstige klag word hier teen die voetbalspelers as sulks gelê, omdat die tyd wat aan afrigting en taktiek betee moet word, nou moet bestee word om te sorg dat die spelers fiks word.

**OPOFFER**

Almal wil graag wen en sien dat daar gewen word, maar net 'n paar mense is bereid om op te offer om hierdie ideaal te bereik. Hier het ons die sprekende voorbeelde van ons Sprinfbokatlete. Willie Coetzee, die Springbok-kaptein, oefen dwarsdeur die jaar, en 'n meisie soos Bia Marais het in twee maande daarin geslaag om haar Springbokkleure te verwerf, het mnr. Malan gesê.

Dit is ook bewys dat baie min van die sportmanne op die Puk onder die druipelinge getel kan word. Hulle vaar baie beter as die Jan salies wat tuis lê en niks doen en nogtans nie baie goed in hulle studies vaar nie. Die deelname aan sport beteken dat die persoon minder tyd kry om aan akademie te wy, maar van die sportman word verwag om die beste te doen en om op te offer, en dit is daarom dat die sportman makliker daardie bietjie ekstra tyd aan die akademie kan wy.

**LAASTE**

In verband met die Suid-Afrikaanse Universiteite-toernooie is getoon dat die potensiaal daar is maar dat dit nie reg gebruiq is nie. Die manshokkie is herhaaldelik gevra of hulle gereed is omdat hulle byna nie geoefen het nie die pluimbal is op heel sosiale vlak gereël, sonder dat daar eers in die liga ingeskryf is, en die sokker het byna kriekettellings teen hulle gekry.

**GIMNASTIEK**

Daarenteen was daar spanne soos die gimnastiek: mans eerste, dames derde; Stoei tweede met een punt; landloop derde sonder hulle beste manne F. van Zijl en L. van Wijck; die dameshokkie het van hulle laat hoor, ens.

Van owerheidsvlak is die spanne afgeraai wat te swak was, maar die Studenteraad het besluit dat hulle wel die toernooi sal bywoon. Die finale beslissing het by die S.S.B. gelê, het mnr. Malan beweer.

Daar word 'n vergadering van die S.S.B. deur die Direkteur beoog waarheen al die leidende sportfigure en ander sportmanne van die Puk genooi gaan word om die sakie goed te behandel en uit te pluis.

Sport kan vandag net nie meer op 'n sosiale vlak beoefen word nie, en omdat die potensiaal wel op die Puk is, is dit elkeen se plig om te sorg dat hy sy bes doen.

**MOTTO**

Laat die Puk-student se motto wees: Ons werk hard en speel hard ter uitbouing van ons Alma Mater. Terwyl mens die tyd dan mors om 'n halfhartige oefening by te woon, waarom kan ons dan nie maar dieselfde tyd nuttig en voordelig gebruik nie, het mnr. Malan gevra.

D. MOSTERT



**Twee lede van die Puk se dames-tafeltennisspan afgeneem tydens die onlangse inter-universitêre toernooi. Links is Valerie de Villiers en regs Marian Siebert.**

Foto: P. Kruger

## APTEKERS SPEEL RUGBY

In 'n vriendskaplike rugbywedstryd tussen die eerstejaars en die tweedejaars van die Farmasiedepartement wat op 31 Julie plaasgevind het, het die seniors daarin geslaag om hul teenstanders met die kous oor die kop huistoe te stuur.

Die telling van 11-5 is 'n baie goeie weergawe van die wedstryd.

## PUK SE RUGBYSPELERS VERLOOR VUISGEVEG

**'n Wedstryd wat goed begin is, en waarin die Pukke die eerste punte aangeteken het, het ontaard in woeste vuisgevegte en 'n nederlaag vir die Pukke. Klerksdorp se swaarder voorspelers en hulle ruwe spel het gesorg dat hulle 'n oorwinning van 19-5 oor die Pukke behaal en sodoende bo aan die puntelys kom en ook hulle neerlaag van verlede jaar wreek.**

Die Pukke se agterlyn was vinniger en beter as die teenstanders en as dit nie was vir hulle goeie verdediging nie kon die telling dalk nog groter gewees het.

**EERSTE**

Die studente het eerste bloed geruik toe Dries du Plooy na 'n mooi agterlynbeweging stewig gehardloop het om die enigste drie vir die Puk aan te teken. Piet Bruwer het vervyf.

Hierna het die Pukke begin opdraande kry. Andre du Bruyn die staatmaker-lynstaanman, het sy skouer seergemaak en met 'n man kort kon die ligter pak voorspelers net nie teen die swaar Klerksdorpers staan nie. Skrumskakel Henk Coetzee het swaar gekeef agter die skrum en langs die lynstane, omdat die Pukke se skrum altyd van die bal af gedruk en die lynstaanwerk nie altyd so netjies was nie.

**OPENLIK**

Die gemoedere het begin hoog loop en toe ten minste drie Pukke openlik geslaan is, het dit geblyk dat die skeidsregter nie die wedstryd kon hanteer nie en het die spel ontaard in 'n taai, temerige en slordige wedstryd.

Die vleuels Danie van Wyk en Ibert Joubert het nie veel van die bal gesien nie maar tog stewig vertoon. Die heelagter Piet Bruwer het goed verdedig maar die bal meer as een keer laat hop voor hy dit vang. Misverstande tussen hom en Ibbert Joubert het die Pukke vyf punte gekos en as hulle die ander keer nie gelukkig was nie kon dit meer gewees het.

Op senter het Dries du Plooy stewig vertoon en sy span baie veld laat wen met lang buitelynskoppe. Hy het ook die Pukke se enigste punte aangeteken na 'n baie mooi lopie.

Die voorspelers het maar swak gevaar. Die Klerksdorpers het hulle van die bal af gestoot en baie maal met hulle geloop. Net die rukkie wat hulle kwaad geword het, het hulle die ander span se voorspelers teenstand gebied.

**TE SAG**

**Mnr. Piet Malan, afrigter, het verklaar dat die Pukke te sag was en sal moet leer om hulle man te kan staan onder dieselfde omstandighede in die toekoms.**

## Puk hardloop sesde

Hennie Westerman, puik junior landloopatleet van die P.U. het Saterdag vir 'n mooi vertoning gesorg, in die Suid-Transvaalse landloopkamioenskappe wat op die Wanderers beslis is.

Uit 'n aantal atlete van oor die 130 het Westerman die tiende plek behaal. Hy was die sesde O/19 atleet oor die wenstreep. Van die beste atlete in die Noorde het aan die kampioenskappe deelgeneem en dit maak Westerman se vertoning 'n goeie een.

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
Tomstraat 92 Telefoon 5032
POTCHEFSTROOM
— Ons hou alles aan wat dames benodig —
Nuwe voorrade van rokke en nogwat word gedurig uitgestal.

PRO REGE-PERS BPK.
bied u die geleentheid van die jaar.
Fantastiese afslag op:
★ STUDIEBOEKE
★ BOEKE VIR ONTSPANNING
50% vir verkope op rekening
PLUS
'n verdere 10% vir Kontant.
H/v. Tom- en Borcherdstraat Telefoon 3431
POTCHEFSTROOM.

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."
Turkstra
te kry by u kafeteria.